

Wat is goed vir die mens?

In Hoofstuk 6:12 vra die Prediker: “Want wie weet wat goed is vir die mens in die lewe gedurende die getal dae van sy nietige lewe wat hy soos ’n skaduwee deurbring? Want wie kan aan die mens bekend maak wat ná hom sal wees onder die son?” En dan antwoord hy: “’n Goeie naam is beter as goeie olie, en die sterfdag beter as die geboortedag.” Die Prediker wil ons leer om die regte gesindheid te hê ten opsigte van die dood en die lewe. God gebruik die dood om ons aan te spreek en tot besinning te roep. Die loon van die sonde is die dood en deur die sonde het die dood in die wêreld gekom. Die Prediker wil ons leer dat jou sterfdag beter is as jou geboortedag en dat jy jou afhanklikheid van die Here moet beseef.

Elke begrafnis wys na jou begrafnis en daarom is dit vir ons beter om tot stilstand in hierdie gejaagde lewe te kom. Die mens moet beseef hy staan in homself magteloos teen die onstuitbare vernietiging van die dood. Hy het ’n Verlosser nodig. Ons moet die erns van ons sonde beseef en ons vergewing in Christus soek! Die dood hoef ons as gelowiges nie meer te vrees nie. Christus het oorwin. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood (1 Kor 15:26). Nooit hoef ons te sê ons kan nie, want God kan. In Christus het Hy dit bewys. Daar waar ons nie kon nie, daar kon Christus. Aan ’n vloekhout kon hy, want Hy is God. Aan die kruis het Hy, want Hy het lief. Sy oop graf op die derde dag is vir ons die teken dat ons ten volle op God kan vertrou, want dit het ook die Prediker en ons se diepste onsekerheid vernietig, die dood. Selfs die dood hoef ons nie meer te vrees nie, self die dood hoef ons nie te verwar nie. “Dood waar is jou angel, doderyk waar is jou vernietiging!” word ’n vreugdesuitroep! En ook Paulus se woorde in Filippense 1:21: “Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.” Maar sonder Christus is dit beter om na ’n klaaghuys of ’n begrafnis te gaan en daar te bly sodat jy jou afhanklikheid kan beseef.

Sing: Psalm 42:5 (1936)

Ds LAS Nel (Elandskraal)